Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider Afrika

Streeksinode Kaapland– ISinodi-phondo – LaseKapa

Moderator: Ds. LL Plaatjie ***Assessor: Ds. PJ. Grove***
Scriba: Dr. JG Botha ***Actuarius: Ds. PJ Adams***

Addisionele lede: Ds. ME Kibito, Ds. E Thaane, Sr. K. Alexander & Sr. R. Philander

Sinodale Kantoor
PrivaatsakX1, Belhar, 7507
Tel. 021-952-2151 / Faks : 021 952 5806
E-pos : scriba@vgksa.org.za

Die Voorsitter
Dr Braam Hanekom
NGKSA Sinodesitting
Goudini
11 Mei 2011

Liewe Susters en Broers,

Insake: Julle sinodevergadering se aanvaarding van die Belydenis van Belhar

1. Ons was besonder bevoorreg om gister as moderatuur van die VGK Kaapland tydens julle sinodedebat oor die Belydenis van Belhar teenwoordig te wees.

2. Ons is versterk en getroos deur die teologiese kwaliteit van julle gesprek met mekaar. Die biddende gees waarin julle vergader en julle vashou van mekaar, terwyl julle nie almal oor alles saamstem nie, het ons geroer en is vir ons hoopvol.

3. Julle het met julle aanvaarding van die Belydenis van Belhar besonder positief in die publiek gepraat. Dit het die versoek in die groetewoord van ons voorsitter aan julle, dat ons hier in ons gedeelde konteks ’n nuwe inisiatief met eenheid, versoening en geregtigheid sal onderneem, op ‘n besondere manier bevestig. Vir julle moedige koersaanduiding gister is ons diep dankbaar.

4. Ons sien daarna uit om julle hande te vat en in die krag van die Heilige Gees saam te ywer dat die kerk en gemeenskap waar ons leef en werk die Heerskap van Jesus Christus sal leer ken en aanvaar en met vreugde in Hom sal glo.

Mag die Here aan ons genade gee om toenemend saam, as sy een liggaam, sy lof te verkondig en sy Naam te eer.

Namens die moderatuur van die VGK Kaapland.

Lucas Plaatjie (moderator)
Pieter Grove (assessor)
Peter Adams (actuarius)
Johan Botha (scriba)